



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Bestuursbeleid vir Akademiese Programme

Verwysingsnommer	8P/8.1
Verantwoordbare uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Onderrig-leer en Adjunkhoof
Beleideienaar	Direkteur: Onderrig-leer
Verantwoordelike afdeling	Akademiese Ontwikkeling en Steun
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Goedkeuringsdatum	20 Junie 2008
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2011
Beleid en prosedures ter ondersteuning van hierdie beleid	Ja – vorm deel van beleid
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index.html
Adres op die beleidsdatabasis	AMANDA.VANDERMERWE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\8p-8.1-programme management_a.docx

Bestuursbeleid vir Akademiese Programme

1 Inleiding

As 'n voortreflike Universiteit in Afrika, aangedryf deur die nastrewing van kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid vir die Bestuur van Akademiese Programme op 20 Junie 2008 aangeneem.

In ooreenstemming met die Statuut van die Noordwes-Universiteit (NWU) en die vereistes van die Raad op Hoër Onderwys (RHO), deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK), die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO), is 'n institusionele bestuursproses vir akademiese programme by die NWU ingestel. Hierdie proses is 'n voorvereiste vir die daarstelling van ordelike reëlins wat die Institusionele Registrateur se kommunikasie oor institusionele bestuursbesluite rakende akademiese programme wat die NWU neem aan toepaslike nasionale liggame voorafgaan. Die institusionele bestuursbeleid vir akademiese programme van die NWU beskryf hierdie proses. Dit word gedoen om die kwaliteit van 'n dinamiese en responsiewe Program- en Kwalifikasiesamestelling (PKS) te verseker.

2 Beleidstelling

Dekane van fakulteite is vir die bestuur van akademiese programme in hulle fakulteite verantwoordelik en word deur Fakulteitsrade ingelig. Alle wysigings (veranderings) aan bestaande akademiese programme, insluitend voorleggings vir die aanbieding van nuwe akademiese programme, moet onder toesig van dekane geskied. Die voorgestelde wysigings aan akademiese programme word aan kampsenaatkomitees voorgelê en hulle stuur aanbevelings aan die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS) vir institusionele goedkeuring. Die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS) is 'n vaste komitee van die Institusionele Senaat, onder voorsitterskap van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig en Leer en die Adjunkhoof. IKAS se voorsitter lê besluite oor die bestuur van akademiese programme aan die institusionele senaat voor vir bekragtiging. Die voorsitter van die Institusionele Senaat rapporteer bestuursbesluite rakende akademiese programme aan die Raad.

3 Omskrywing

Bestuur van akademiese programme Verwys na aktiwiteite wat akademiëci in fakulteite verrig om gereeld die kwaliteit van akademiese programme by die NWU te hersien en te verbeter. Dit sluit ook die ontwikkeling van nuwe akademiese programme in wat deur die DHOO, HOKK en SAKO oorweeg word vir insluiting by die NWU se goedgekeurde Programkwalifikasiesamestelling (PKS), die lys van geakkrediteerde programme deur die HOKK en die lys van kwalifikasies wat deur SAKO geregistreer word.

4 Reëls en prosedures

Reëls en prosedures vir die bestuur van akademiese programme (bv. vir IKAS se werk) word deur die Uitvoerende Direkteur: Onderrig en Leer en die Adjunkhoof saamgestel en deur die toepaslike institusionele liggame goedgekeur. Hierdie reëls en prosedures word van tyd tot tyd hersien om doeltreffendheid en doelmatigheid te verseker.

Prosedures en reëls ter ondersteuning van die beleid vir die bestuur van akademiese programme

1 Prosedures

Die institusionele senaat het IKAS as 'n vaste komitee van die institusionele senaat aangestel met die spesifieke mandaat om die bestuurproses van akademiese programme by die NWU oorhoofs te bestuur. Die prosesse en prosedures vir die bestuur van akademiese programme by die NWU word deur IKAS in oorleg met kampsenaatkomitees bepaal, en albei dié strukture hersien dit gereeld vir doelmatigheid. 'n IKAS Adviesraad is aangestel om dekane met die opstel van IKAS-aansoeke by te staan. Die voorsitter van die IKAS Adviesraad is die Institusionele Direkteur AOO.

1.1 Proseskaart

'n Diagrammatiese weergawe van die proses is ook op versoek by die Institusionele AOO-kantoor beskikbaar.

Kampusproses (fakulteits- en kampsenaatkomiteevlak)

- a. 'n Akademiese personeellid moet 'n wysiging/verandering aan 'n bestaande akademiese program aanbring, of wil 'n nuwe akademiese program voorstel.
- b. Die eenheid Kampus Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (AOO) ondersteun die akademikus in voldoening aan die IKAS-prosesse voordat 'n aansoek aan die skooldirekteur en/of dekaan voorgelê word.
- c. Die relevante afgehandelde IKAS-vorm word by die skooldirekteur en/of dekaan ingedien.

Institusionele administratiewe/ondersteuningsproses vir dekane op kampusse

- d. Indien die dekaan tevrede is met die akademiese meriete van die aansoek, stuur die dekaan ondersteunde aansoeke aan die IKAS-sekretariaat, met ander woorde die institusionele Akademiese Ontwikkelings- en Ondersteuningskantoor.
- e. Die IKAS-sekretariaat gaan die aansoeke na, en 'n voorafgereëde vergadering van die IKAS-adviesraad word met verteenwoordigers van relevante institusionele en kampus administratiewe beamptes gehou om advies vir dekane se oorweging oor alle aansoeke voor te berei. Die notule van die IKAS-adviesraad word aan dekane gestuur vir hulle oorweging en toepaslike optrede. Waar nodig pas dekane die aansoeke aan. Dit handel die volle proses van die administratiewe grondslag van 'n aansoek af.

Kampusproses (fakulteits- en kampsenaatkomiteevlak)

- f. Die dekaan lê 'n adviesopsomming van die IKAS-adviesraad se vergadering by die Fakulteitsraadsvergadering ter tafel en die dekaan en Fakulteitsraad besluit watter konsultasieproses (in alle fakulteite en op alle kampusse), volgens kampusprosedures, vir die aansoek geskik is. Die dekaan onderneem 'n konsultasieproses in alle fakulteite en op alle kampusse.
- g. Die dekaan ontvang terugvoering oor die konsultasieproses, wysig die aansoek indien nodig en lê die aansoek vir bespreking en aanbeveling aan die kampsenaatkomitee voor.
- h. Kampusregistrateurs stuur kampsenaatkomitees se aanbevole aansoeke aan IKAS vir goedkeuring.

Institusionele proses (IKAS-, institusionele senaats- en raadsvlak)

- i. Aansoeke wat deur kampsenaatkomitees aanbeveel word, word by die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS) ter tafel gelê en IKAS bespreek en keur aansoeke goed.
- j. Die voorsitter van IKAS stuur 'n register van IKAS se besluite aan die institusionele senaat wat dit bekragtig.
- k. Die voorsitter van die institusionele senaat doen aan die Raad verslag oor besluite rakende akademiese programme wat deur die kampsenaatkomitee aanbeveel, deur IKAS goedgekeur en deur die institusionele senaat as deel van die senaat se verslag aan die Raad bekragtig is.
- l. Die sekretariaat van die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS) verseker dat tersaaklike kommunikasie oor bestuursbesluite rakende akademiese programme wat IKAS geneem en die institusionele senaat bekragtig het, oorgedra word aan (i) die institusionele registrateur vir kommunikasie aan relevante nasionale liggame, dekane en aansoekers; en aan (ii) dekane en aansoekers. Ander institusionele beamptes gebruik die IKAS-notules om die PKS en administratiewe stelsel van die NWU in stand te hou.

1.2 Liggame betrokke by die bestuurproses vir akademiese programme

Die samestelling van Fakulteitsrade, Kampsenaatkomitees en die Institusionele Senaat word in die statuut van die NWU uiteengesit. Die liggame wat nie in die statuut genoem word nie, maar in hierdie beleid beoog word, is die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS) en die IKAS-adviesraad. Hierdie liggame kan ingevolge artikel 11(3) en die reëls in artikel 17 van die statuut gevorm word.

Daar word in hierdie beleid aangevoer dat die aard van die bestuurstruktuur van die NWU 'n institusionele liggaam vereis waar kampusbesluite op 'n institusionele vlak oorweeg kan word om koördinerende tussen kampusse oor aangeleenthede rakende die bestuur van akademiese programme te verseker. Daar word aangevoer dat IKAS en die IKAS-adviesraad hierdie taak by die NWU kan uitvoer.

1.2.1 Reëls vir die daarstelling van die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS)

Daar word voorgestel dat IKAS soos volg saamgestel word:

1.2.1.1 Samestelling van IKAS

Permanente lede

- Adjunkhoof (voorsitter)
- Institusionele Registrateur
- Kampusregistrateurs
- Kampusrektors
- Viserektore: Akademies
- Viserektore: Kwaliteit en Beplanning
- Dekane
- Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (Institusionele Kantoor)
- Direkteur: Kwaliteitsbestuur (Institusionele Kantoor)
- Direkteur: Bestuursinligting (Institusionele Kantoor)
- Direkteur: Akademiese Administrasiesistelsels (Institusionele Kantoor)
- Direkteur: Navorsingsondersteuning (Institusionele Kantoor)

Lede met bywoningstatus

- Verteenwoordigers van fakulteite wat die dekaan met die voorlegging van aansoeke sal help.

- Akademiese Ontwikkelings- en Ondersteuningsadviseurs (institusioneel en kampus) indien die dekaan hulle versoek om die vergadering by te woon om met verduidelikings oor die aansoek te help.
- Eksterne evalueerders (indien nodig).
- Enige ander persoon wat 'n bydrae sal lewer tot 'n voorlegging/s of betoë wat daardie dag by 'n IKAS-vergadering bespreek word.
- Sekretariaat

1.2.1.2 IKAS se mandate

IKAS se mandate is om:

- 1.2.1.2.1 alle nuwe en hersiene voorstelle oor akademiese programme wat deur dekane ingedien, deur fakulteitsrade goedgekeur en deur kampsenaatkomitees vir institusionele goedkeuring aanbeveel word, te evalueer;
- 1.2.1.2.2 die institusionele senaat gereeld in te lig deur 'n register van goedgekeurde IKAS-besluite aan die institusionele senaat vir bekragtiging voor te lê;
- 1.2.1.2.3 gereeld die doelmatigheid van die institusionele bestuursbeleid vir akademiese programme, prosesse en prosedures te formuleer, te hersien en te herevalueer; en
- 1.2.1.2.4 om saam met relevante beamptes (kampus en institusioneel) toesig te hou dat behoorlike goedkeuring en kommunikasieprosesse deur die NWU nagekom word ten einde goedkeuring van relevante nasionale owerhede (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, Hoëronderwys-kwaliteitskomitee, Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid) vir veranderings aan bestaande akademiese programme en voorgestelde nuwe akademiese programme te verkry.

1.2.2 Reëls vir die samestelling van IKAS se Uitvoerende Komitee

'n Uitvoerende komitee word saamgestel om doeltreffende en effektiewe besluitnemingsprosesse oor IKAS-aangeleenthede te verseker. IKAS kan aangeleenthede vir oorweging deur die uitvoerende komitee verwys. Notules van die uitvoerende komitee se vergaderings moet deur IKAS goedgekeur word.

1.2.2.1 Samestelling van IKAS se Uitvoerende Komitee

Die samestelling van IKAS se uitvoerende komitee sluit in:

Permanente lede

- Adjunkhoof (voorsitter)
- Institusionele Registrateur
- Kampusregistrateurs
- Kampusrektors
- Viserektore: Akademies
- Viserektore: Kwaliteit en Beplanning
- Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (institusioneel)
- Direkteur: Kwaliteitsbestuur (institusioneel)
- Direkteur: Inligtingsbestuur (institusioneel)
- Direkteur: Akademiese Administrasie (institusioneel)
- Direkteur: Navorsingsondersteuning (Institusionele Kantoor)

Lede met bywoningstatus

- Dekane/verteenwoordigers van fakulteite wat hulle aansoeke sal voorlê¹.
- Akademiese Ontwikkelings- en Ondersteuningsadviseurs (institusioneel en kampus), indien die dekaan hulle versoek om die vergadering by te woon om met verduidelikings oor die aansoek te help.
- Eksterne evalueerders (indien nodig).
- Enige ander persoon wat 'n bydrae sal lewer tot die voorlegging/s of betoë wat daardie dag by 'n uitvoerende IKAS-vergadering bespreek word.
- Sekretariaat

1.2.2.2 Mandate van IKAS se uitvoerende komitee

Die mandate van IKAS se uitvoerende komitee is om:

- 1.2.2.2.1 aandag te gee aan enige aangeleentheid wat deur IKAS verwys word; en
- 1.2.2.2.2 vergaderingnotules van IKAS se uitvoerende komitee aan IKAS te stuur vir goedkeuring by die volgende IKAS-vergadering.

1.2.3 Reëls vir die samestelling van die IKAS-adviesraad

Daar word voorgestel dat die IKAS-adviesraad soos volg saamgestel word:

1.2.3.1 Samestelling van die IKAS-adviesraad

Permanente lede

- Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (Institusionele Kantoor) – voorsitter
- Direkteur: Kwaliteitsbestuur (Institusionele Kantoor)
- Direkteur: Inligtingsbestuur (Institusionele Kantoor)
- Direkteur: Akademiese Administrasie (Institusionele Kantoor)
- Direkteur: Navorsingsondersteuning (Institusionele Kantoor)
- Kampusregistrateurs
- Kampus Biblioteekdirekteure
- Kampus AOO-direkteure en AOO-beamptes
- Kampus Kwaliteitskoördineerders
- Direkteur Fasiliteite (Institusioneel en Kampus)
- Roosterbeplanners (Institusioneel en Kampus)

Lede met bywoningstatus

- Dekane/verteenwoordigers van fakulteite wat hulle aansoeke sal voorlê².
- Eksterne evalueerders (indien nodig).
- Enige ander persoon wat 'n bydrae sal lewer tot die voorlegging/s of betoë wat daardie dag by 'n Uitvoerende IKAS-vergadering bespreek word.

¹ Die idee is om dekane nie van die Uitvoerende IKAS uit te sluit nie, maar om slegs dekane uit te nooi waar 'n aangeleentheid uit hulle fakulteite voor 'n uitvoerendekomitee-vergadering van IKAS dien. Hierdie aanbeveling word op versoek van dekane gedoen.

² Die idee is om dekane nie van die Uitvoerende IKAS uit te sluit nie, maar om slegs dekane uit te nooi waar 'n aangeleentheid uit hulle fakulteite voor 'n uitvoerendekomitee-vergadering van IKAS dien. Hierdie aanbeveling word op versoek van dekane gedoen.

- Sekretariaat

1.2.3.2 Mandate van die IKAS-adviesraad

Die IKAS-adviesraad vervang die “handtekeninge” op die “goedkeuringsvorm” wat deel van die vorige IKAS-aansoeke was. Die mandate van die IKAS-adviesraad is om:

- 1.2.3.2.1 alle voorgestelde IKAS-aansoeke deur fakulteite na te gaan en te evalueer;
- 1.2.3.2.2 alle moontlike implikasies van fakulteite se voorgestelde IKAS-aansoek oor akademiese beplanning in sy breedste vorm te oorweeg³; en om
- 1.2.3.2.3 advies aan dekane oor alle voorgestelde IKAS-aansoeke voor te berei.

1.3 Rolle en verantwoordelikhede

Die rolle en verantwoordelikhede van die belangrikste strukture en beamptes wat aan die akademiese programbestuurproses deelneem, word kortliks in hierdie afdeling beskryf.

1.3.1 Program- en module-eienaars

Akademici is program- en module-eienaars en hulle vernaamste verantwoordelikheid is om die volgehoue verbetering van die kwaliteit van akademiese programme by die NWU oorhoofs te bestuur. Inligting wat uit kwaliteitsversekeringsprosesse [bv. die interne programmevaluering- (IPE) en eksterne programmevaluering- (EPE) prosesse; oorsigverslae deur professionele liggame, oorsigverslae deur ander nasionale liggame soos HOKK, internasionale ouditte wat deur die fakulteit gereël word, ens.] verkry word, moet gebruik word vir die ontwikkeling van kwaliteitsverbeteringsplanne wat deur die akademici geïmplementeer moet word. Dekane en Viserektore: Akademies is vir die monitering van die implementering van kwaliteitsverbeteringsplanne vir akademiese programme verantwoordelik. Resultate van kwaliteitsversekeringsprosesse is die grootste stukrag vir wysigings en verdere ontwikkeling van akademiese programme. Ten einde hierdie veranderinge, wat aan die vereistes van relevante nasionale liggame moet voldoen, op 'n ordelike en verantwoordelike manier vas te lê, het die NWU 'n bestuurproses vir akademiese programme daargestel om fakulteite te help.

1.3.2 Fakulteitsrade

Een van die hoof funksies van fakulteitsrade is die oorhoofse bestuur van die kwaliteit van die akademiese programme wat deur die betrokke fakulteit aangebied word. Fakulteitsrade moet dekane oor die deurlopende bestuur en ontwikkeling van akademiese programme inlig om die verbetering van die kwaliteit van akademiese programme wat deur die fakulteit aangebied word, te verseker.

1.3.3 Kampussenaatkomitee

Een van die hoof funksies van kampussenaatkomitees is die oorhoofse bestuur van die kwaliteit van die akademiese programme in alle fakulteite op daardie kampus. Kampussenaatkomitees moet veranderinge aan bestaande akademiese programme en voorstelle vir die aanbieding van nuwe akademiese programme by IKAS en die institusionele senaat aanbeveel. Die kampussenaatkomitees se aanbevelings moet in die gees van die deurlopende bestuur en ontwikkeling van akademiese programme gedoen word om die verbetering van die kwaliteit van akademiese programme wat die fakulteite op daardie kampus aanbied, te verseker.

1.3.4 Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) en sy verwante liggame

Die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) moet die aanbevelings van die kampussenaatkomitees rakende akademiese programbestuur oorweeg en goedkeur om te verseker dat hierdie besluite op 'n gekoördineer manier op alle kampusse geïmplementeer word, op 'n gekoördineer manier aan interne en eksterne liggame oorgedra word, en ook op die betrokke institusionele stelsels vasgelê word om akkurate bestuursinligting en administrasiestelsels vir akademiese programme by die NWU te verseker.

IKAS se uitvoerende komitee en die IKAS-adviesraad is daargestel om die doeltreffende bestuur van die IKAS-proses te ondersteun.

1.3.5 Institusionele senaat

Een van die funksies van die institusionele senaat is om die werk wat deur sy vaste komitees (bv. kampussenaatkomitees en IKAS) gedoen word, oorhoofs te bestuur. Die institusionele senaat moet kennis neem van besluite (onder andere akademiese aangeleenthede) wat oor akademiese beplanning en kwaliteitsbestuur en die deurlopende bestuur en ontwikkeling van akademiese programme geneem word en

³ Akademiese beplanning verwys na aangeleenthede soos implikasies vir subsidie- en HEMIS-verslagdoening, die administratiewe stelsel van die NWU vir studente, biblioteekvoorsiening, voorsiening van geboue (bv. laboratoriums) ens.

dit bekragtig om die verbetering van die kwaliteit van akademiese programme wat deur fakulteite op alle kampusse van die NWU aangebied word, te verseker. Op hierdie wyse kom die inrigting sy funksie (soos in die Statuut beskryf) na om alle onderrig, leer, navorsing, gemeenskapsbetrokkenheid en akademiese ondersteuningsfunksies by die NWU te reguleer.

1.4 Dokumentasie/Vorms

Die Institusionele AOO-kantoor administreer die IKAS-proses en ontwikkel relevante vorms en dokumentasie om die proses te administreer. Hierdie vorms en dokumente word van tyd tot tyd hersien en by IKAS-vergaderings goedgekeur. Die volgende IKAS-vorms word gebruik:

- IKAS-vorm 0: Aansoek vir 'n nuwe program aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding⁴
- IKAS-vorm 1: Aansoek by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid vir die registrasie van 'n kwalifikasie
- IKAS-vorm 2: Aansoek by die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee vir die akkreditasie van 'n nuwe program
- IKAS-vorm 3: Aansoek by die institusionele komitee vir akademiese standaarde vir geringe wysigings en veranderings aan 'n bestaande program
- IKAS-vorm 5: Aansoek by die institusionele komitee vir akademiese standaarde vir die goedkeuring van 'n hersaamgestelde en belynde program by die NWU

1.5 Skedule

Die vergaderings van die IKAS-adviesraad, Fakulteitsrade, Kampussenaatkomitees, die vergaderings van IKAS en sy Uitvoerende Komitee en die vergaderings van die Institusionele Senaat word gekoördineer en op die NWU se jaarkalender geskeduleer.

2 Verwysings

Raad op Hoër Onderwys. 2004. Kriteria vir Institusionele Oudits. Pretoria: RHO.

Hoëronderwys-kwaliteitskomitee. 2004. Kriteria vir Programakkreditasie. Pretoria: RHO.

Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 2005. Statuut van die Noordwes-Universiteit, Goewermentskennisgewing nr. 27872. Pretoria: Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Oorspronklike gegewens: Jacoline Jansen van Vuuren(10225676) C:\documents and settings\administrator\desktop\8P-8.1-programme management_a.doc
19 Oktober 2010

Verwysingsnommer: 8P-8.1

⁴ Aantekening vir kollegas wat goed met die IKAS-proses vertrou is: (i) neem kennis dat die goedkeuringsbladsye met handtekeninge nou uit die proses verwyder is. Dekane sal seker maak dat alle betrokke rolspelers geraadpleeg word; (ii) neem kennis dat die nommering van die vorige IKAS-vorms nou korrek is sodat IKAS-vorm, 1 IKAS-vorm 0, ens. vervang om weg te doen met 'n vorm 0 wat in die vorige IKAS-proses onlogies was.